Die Groot Evangelie van Johannes - Boek 11 - Abba Vader aan Leopold Engel gedikteer deur die Innerlike Woord

**Hoofstuk 40 [15]** Maar jy, My Laserus, tref nou jou maatreëls en **berei jou daarop om baie gaste te ontvang**; want die berig dat jy opgewek is, het reeds tot die stad deurgedring, en **baie mense is op pad** om vir jou en My te sien! Hulle sal almal verkwik word, en **My dienare, wat jy al ken, sal jou daarby help**!"

## Voorbereiding van die feesmaal

**Hoofstuk 41** Toe Ek hierdie woorde uitgespreek het, **staan die aan almal bekende RafaEl al naas My**, en hy begroet Laserus baie vriendelik. Hierdie was op sy beurt baie verblyd om RafaEl te sien en uiter sy vreugde in lewendige woorde, netsoos My leerlinge en verskillende vriende van Laserus, wat al voorheen getuie was van die uitsonderlike wonderkrag van die **aartsengel**.

[2] Nou word die saal met uiterste snelheid gereedgemaak om die aangekondigde gaste te ontvang, en dit word twee keer so druk in die hele huis, sodat `n gesprek tussen Ons moeilik word; Ons gaan dus na buite, om die bedrywige dienare van die huis, wat die aanwysings van RafaEl ywerig en blymoedig opvolg, nie te hinder nie.

[3] Dit is noodsaaklik om daarop te wys dat om reeds aangeduide redes - naamlik vanweë die vryere geestelike ontwikkeling van Myne - daar geen al te voelbaar ingryping van My krag meer plaasvind nie, maar dat alles, wat nou as wonderbaarlik en buitengewoon aangedui kan word, steeds `n uiterlike eenvoudiger, menslike aansien kry.

[4] As Ek nou sê, dat daar in die groot saal van Laserus en ook in die aangrensende vertrek binne ongeveer `n halfuur tafels neergesit word, waaraan enkele honderde mense gevoed moes word, en dat in byna dieselfde tyd ook die spyse vir hulle almal voorberei word, sal mens insien dat so `n werk ook deur baie ywerige dienare, waarvan daar ongeveer twintig ter beskikking gestaan het, nie tot stand gebring kon word nie; want die voorbereiding van die spyse alleen neem by `n natuurlike gang van sake meer tyd. Tog het alles sonder sigbare buitengewone hulp bymekaar gekom, die personeel blyk net baie behendig te wees.

[5] Met hierdie opmerking moet duidelik gemaak word dat die naderkom van die grootste gebeurtenis van die tye sonder buitengewone ingryping voorberei word; want selfs die opwekking van Laserus het vir die aanwesiges wel hoogs wonderbaarlik voorgekom, maar tog nie so oorweldigend as byvoorbeeld die verandering van woeste streke in vrugbare land, en ander dinge nie.

[6] **Hierdie opwekking vorm egter die sluitstuk van My amp as leraar en lui die oes daarvan in.**

[7] **Wie begripsvermoë het en hom inspan om wakker van gees te wees, laat hy dit begryp!** Wie nog in die graf lê, laat hy die klip daarvan afwentel, sodat die dooie Laserus opgewek kan word en hieruit kom. Amen!

[8] Toe Ons buite voor die huis staan, sien Ons op die weg vanaf Jerusalem al `n groot aantal mense kom, wat Betánië as doel gekies het. Dit was Judeërs, aan wie vertel was dat Laserus weer lewend geword het, en **dat hulle hulleself daarvan wou oortuig**. Hulle kom digterby, en toe hulle Laserus en My sien, haas hulle hulle met snelle treë na Ons toe en kyk vol verbasing na Ons beide, **die opgewekte en die Opwekker**.

[9] Laserus sê op vriendelike toon aan hulle: "Beste vriende, julle staan verbaas en begryp nie dat ek leef nie, terwyl ek tog sigbaar en baie verseker gestorwe was; maar julle weet dat by Elohim geen enkele ding onmoontlik is nie, en Hy, wat alles tot lewe bring, sal tog ook die aardse stof wel weer tot lewe kan wek, ook al het die lewe daaruit verdwyn. Kyk, ek leef werklik, en hier staan dié Een wat my opnuut tot lewe geroep het! Kan julle nou nog daaraan twyfel dat die krag van Elohim dit alles tot stand gebring het - **die krag wat in Hom, die Messias, waarlik leef en hom manifesteer?** Waarlik, wie nou nog twyfel, lyk soos `n baie harde klip, wat nie anders beweeg kan word nie as alleen deur middel van uiters ruwe kragte om hom uiteen te laat val en waarlangs die water na benede stroom, sonder om ook maar die kleinste deeltjie daarvan los te maak.

[10] Julle het gekom om my te sien. Bekyk my dan nou, en oortuig julle daarvan dat ek werklik leef! Maar gaan daarna na hierdie Meester van al die lewe toe en laat julle opwek tot die ware lewe en die ware kennis van alle geheime van Elohim, wat Hy in die Menseseun voltrek; **want die tyd het naby gekom dat die goeie en die slegte geskei word en die koring van die kaf gesuiwer moet word**, sodat die koring uitgesaai kan word om hulle te vermeerder tot `n ryk vrug!"

[11] Hierdie woorde **spreek Laserus vol besieling en in My Naam**, sodat die Judeërs diep geraak word en hulle rondom My en Myne skaar en verlang om onderrig te word. Dit gebeur dan ook.

[12] Maar daar kom nog steeds meer mense uit die stad, sodat daar weldra byna duisend mense was, wat hulle almal oortuig van die wonder van Elohim, wat in My sulke wondere doen, hardop prys en loof.

[13] Toe die gemoedere nou langsaam bedaar, gee Ek Laserus `n wenk, en hy versoek alle aanwesiges om met hom saam te gaan. En hulle volg hom almal na die kamers, **waar die groot feesmaal voorberei was**.

[14] Dit verloop nie op ongewone wyse nie, sodat daaroor niks besonders meegedeel moet word nie. Dit dien slegs om vermeld te word dat met My naaste leerlinge, die twaalf apostels, die rol vervul is van die

onderrig en lering van die vele Judeërs, wat deur nuuskierigheid gedryf was, maar dat die ander leerlinge en aanhangers dit ook doen, wat My al `n lang tyd volg en eweneens goed onderrig was in My leer...

***Uit Bybeltekste en hul verborge betekenis deur Jakob Lorber***

**"JaHshua het gesê: 'Neem die steen weg!' Martha, die suster van die gestorwene het aan Hom gesê: "Meester,** daar is reeds `n doodsreuk, want dit is al die vierde **dag'."** (Johannes 11:39)

15 Januarie 1844 se aand

16 Skryf, soos gewoonlik, hierdie sentraalson maar op!

2. "**JaHshua** sê: "Neem die steen weg!" Martha, die suster van die gestorwene sê aan Hom: "Meester, daar is reeds `n doodsreuk, want dit is al die vierde dag."

4. Ook aan julle sê Ek: **Neem die wêreldse steen van die dood weg van die graf van jou liefde**! Of anders gesê: Probeer nie die lewe te verwerf deur **verryking van die verstand met kennis wat jy ontleen aan wêreldse geleerdheid nie,** maar neem hierdie steen weg sodat, as Ek by julle graf kom, My lewende stem ongehinderd daarin kan deurdring en **jou geboeide en gebonde Lasarus uit die dood sal opwek; <u>Lasarus is julle gees</u> wat nog deur baie wêreldse bande gebind en geknel word!**

5. Ook **Martha** kom nog na My toe, **naamlik die verstand wat hom oor wêreldse sake bekommer**, en sê: "Meester, hy lê al vier dae in die graf en ruik al!" Ek sal egter tog, om God se Meesterlikheid te toon, ook diegene wat al vier dae in die graf lê om te vergaan, tot nuwe lewe wek, **as die steen maar eenmaal weggeneem is.**

6. So egter, soos wat Martha gespreek het, spreek soos reeds gesê, ook **die dwase verstand** van die mens en die sê: "Ja, wat moet ons dan doen?" In ons **1) kinderjare**, daarna as **2)jongelinge**, en dan as **3)manne** en selfs ook as **4)grysaards**, het ons onsself steeds met die wêreld besig gehou; ons gees lê dus gedurende **hierdie vier lewensdae in die graf van die wêreld**, met aardse bande gebind en dit ruik aansienlik daar, **deur alle sondes** wat ons in die vier dae begaan het!

7. Sal die Meester wel so barmhartig wees dat Hy ons dan nog op kennelik wonderbaarlike wyse tot lewe sou wek? Hoe kon ons so-iets van die Allerheiligste, teen wie se gebooie ons so gereeld gesondig het, verwag? Deur hierdie sondes het ons dit so ver gebring dat ons gees dermate afgestorwe is, dat ons nie eens meer weet of ons `n gees besit, en wat hy is nie. Ons weet nie eens meer seker of daar in ons liggaam `n lewende siel woon of nie?

8. En ook al het ons `n lewende gees en `n lewende siel, dan is die **gees**, netsoos die siel, **nog so baie in ons vleesmassa begrawe,** en so baie met die wêreld se bande gebind, dat ons moeilik sou kon verwag dat die Meester, die bo alles Heilige, Hom sou verwerdig om hierdie Lasarus in ons weer met die almag van Sy stem op te wek om hom dan na sy ewige bestemming te voer. Bowendien kan ons onsself ook nie maklik so volledig van die wêreld losmaak, dat ons dit van die Meester kan verwag nie.

9. Maar Ek sê daarenteen: Ek verlang tog ook nie dat jy jouself heeltemal afwend van die omgang met die wêreld wat vir jou tydelike bestaan noodsaaklik is nie!; want dit het Ekself tog ook nie gedoen toe Ek op die wêreld was nie. Ekself het in die wêreld gewerk en het met My eie hande die wêreld baie goeie dienste bewys. Daarom sal Ek nooit aan jou sê: "Het met die wêreld heeltemal niks te doen nie!" Maar dit sê Ek julle:

10. **Neem die steen weg**, die swaar steen van jou Lasarusgraf en jy sal weldra God se heerlikheid binne-in jou gewaarword! Die graf moet maar net geopen wees, en dan sal hulle wat in die graf lê, My stem hoor en opgewek word!

11. Maar solank julle die steen nie van die graf wegneem nie, is julle te veel gevangenes van die dood, en Ek kan roep soos `n nagwaker, dan nog kan julle Lasarus My nie hoor nie; want deur die steen dring die stem van die liefde nie heen nie, **omdat die steen self die ware asyn van alle liefdeloosheid is**. `n Steen kan slegs deur die stem van My toorn verbrysel en vernietig word; maar My liefde het geen steen voor die mond nie, **maar bedien haar van `n basuin (ramshoring)**.

12. **So `n steen is jou verstand wat gebaseer is op wêreldse geleerdheid**; hy is log en swaar, en daar is baie kraginspanning voor nodig om hom van die graf weg te neem. Maar desondanks moet hy tog weg, anders dring My lewewekkende stem nie tot die dooie Lasarus in jou deur nie.

13. Die steen verhinder wel dat die wêreldse neusgate die onwelriekende lug van die wegrottende Lasarus in jou gewaarword. Ek sê egter: Gelukkig is diegene by wie die steen van die graf weggeneem word, sodat sy wêreldse neusgate die stank van die wegrottende Lasarus kan opvang; want by wie dit nie gebeur nie, waar die mens, nadat die steen weggeneem is, **nie huiwer en opregte berou toon oor die toestand waarin sy Lasarus verkeer nie**, sal My opwekkingsroep nie in die graf tot die bederwende Lasarus deurdring om hom op te wek en hom dan te verlos van die bande van die dood nie!

14. Ek dink, dat dit wel nooit duideliker uitgelê kan word nie, en daarmee het jy dan ook `n meer as voldoende magtige lig ontvang om `n volkome helder kyk op hierdie uiters belangrike hoofsaak te kry.

15. Dit is nou geheel aan julle om daarvolgens te handel. As julle daarna te werk sal gaan, dan sal julle sekerlik tot die vaste oortuiging kom dat hierdie openbaring **nie uit die mond van `n mens nie, maar uit My eie mond kom**. Lees jy dit egter maar net as `n wêreldse boek, dan sal dit vir jou maar net `n wêreldse boek en mensewerk bly.